# SafariNuus


Important Dates
Bundutec Awning
Handelaarsaand
Suspension
Did you know?
Bloedskenk
4x4 Offroad Checklist
PowerVault
Voëls van die Vrystaat
Verjaarsdagmaatjie
Interessante Plekke
Splinternuut
Familie Trekkerfees
Fokus op Nuwe Produkte
Grapblad
Oor-Grens Dokumente
4x4 Training
Geestelike Pitkos


**UITGAWE NR 35** **OKTOBER 2019** **GRATIS**




## Important Dates

2 Nov - Messeskou
16 Nov – Safari 4x4 Training @ Maselspoort
23 Nov – Country Trax Introduction to off-road riding
19 Des – Bloedskenk by Safari 4x4

## BUNDUTEC AWNING




The top of the BunduAwn canvas is covered with an aluminised spray which reflects heat. When we tested this, we found a 3-5 degree difference in temperature below the awning. The canvas is also coated with various resins to ensure its longevity and UV resistance.

Due to these coatings the initial folding process may seem stiff, but with time your BunduAwn will ease into its shape and fold away neatly.


# INTERESTING PEOPLE

'n Safari 4x4 kliënt se gesindheid.




# HANDELAARSAAND

**Ons het 'n suksesvolle Handelaars-aand gehad. Baie dankie vir elkeen wat die aand bygewoon het en bygedra het tot 'n lekker suksesvolle aand. Oranje Toyota Bloemfontein, NTT Suzuki Bloemfontein, Human Auto Ford en Lindsay Saker Volkswagen.**






## AGGENEE!



Jou motorfiets baadjie is net lekker “ingedra” soos jou gemaklikste paar skoene …

en dan breek die zip!

**By Safari 4x4 kan ons jou motorfiets baadjie se zip vervang met ‘n YKK zip wat van bo en van onder kan oopmaak.  Bring gerus jou baadjie.**

## SUSPENSION




**How do you know when your suspension needs to be replaced?**
**Is there a simple home test?**

**How do you test the leafs, coils, and shocks?**

**Do you have to replace the shocks more often than the springs?**
**Director of Ironman 4×4 Mic van Zyl explains:**


**A vehicle’s suspension system does not have an infinite life span. Wear may be gradually with replacement needed at some stage. Shocks can fail suddenly and springs can break. Here are some things to look out for:**

**Shocks:** **Leaking Shocks and broken Shock mounts are easy to spot. A Shock that has had an internal failure is harder to spot and will have to be removed from the vehicle for diagnoses. Flat spots on your tyres are often a sign of worn Shocks. The worn Shock is unable to control the up and down movement of the wheel / axle and the tyre is allowed to bounce up and down. This bouncing and skidding on the road causes the flat spots. This uncontrolled movement also transfers into the cabin and your vehicle may progressively develop a rougher ride.**

The most telling sign that your shocks are worn may unfortunately manifest itself when you least expect it. Cornering at too high a speed or performing an emergency swerve in a vehicle with worn shocks may cause the vehicle to break traction and start to spin, roll over or perform some similar uncontrollable action.

An increase in vehicle sway, nose diving under braking or squatting down in the rear under hard acceleration could also indicate worn shocks. The old method of bouncing the vehicle by hand at each corner to test the Shocks often works on passenger vehicles but is harder to perform on your Hilux 4×4 with 2 inch suspension lift.

It is important to note that worn shocks do not affect the ride height of the vehicle (more about this in a later article).









## Springs:

A broken or worn spring should be pretty obvious from the fact that the vehicle will lean down on the corner or axle of the affected spring/s. A worn or broken spring can no longer support the weight of the vehicle and its load resulting in the sag.



There is certainly no specific life span for shocks or springs and it is entirely dependent on how hard they work. A vehicle that only drives on smooth road ways could have its shocks last the lifetime of the vehicle whereas that identical vehicle that lives on a farm will not be so lucky. As for the springs, provided they are manufactured correctly and the vehicle is never overloaded for any extended period of time, they should easily last the lifetime of the vehicle.









In our November Newsletter:  The function of a shock absorber …

## HET JY GEWEET




**Weird Science Facts**

- The star Antares is 60,000 times larger than our sun. If our sun were the size of a softball, the star Antares would be as large as a house.
- In Calama, a town in the Atacama Desert of Chile, it has never rained.
- At any given time, there are 1,800 thunderstorms in progress over the earth's atmosphere.
- Erosion at the base of Niagara Falls has caused the falls to recede approximately seven miles over the past 10,000 years.
- A ten-year-old mattress weighs double what it did when it was new due to debris that it absorbs over time. That debris includes dust mites (their droppings and decaying bodies), mold, millions of dead skin cells, dandruff, animal and human hair, secretions, excretions, lint, pollen, dust, soil, sand, and a lot of perspiration, which the average person loses at a rate of a quart a day. Good night!
- Every year 16 million gallons of oil runs off pavement into streams, rivers, and eventually, oceans in the United States. This is more oil than was spilled by the Exxon Valdez.
- In space, astronauts cannot cry because there is no gravity and tears can't flow.
- Most lipstick contains fish scales.
- A "jiffy" is an actual unit of time: 1/100th of a second.

## BELANGRIKE INFORMASIE

# Bloedskenk by Safari 4x4




| | |
|---|---|
| ✓ | **19 Desember** |

*Laatste Bloedskenk van die jaar. Sal jy asseblief die datums in jou dagboek aanteken en ons ondersteun?*

*2020 datums: 24 Maart, 19 Mei, 4 Augustus en 29 September*

# 4X4 OFFROAD CHECKLIST

**ARRIVE ALIVE** https://www.arrivealive.co.za/4x4-Offroad-Checklist

**Information from: Andre Botha, Member of SONOTA (South African National Offroad Trainers Association)**




## For the Vehicle:

**Fluids**

- Engine Oil
- Brake Fluid
- Automatic transmission fluid
- Water
- Bearing Grease
- WD-40
- Funnel, siphon hose

## Additional Items:

**Versatile Items**

- Duct Tape
- Super glue
- Epoxy
- Tie wraps
- Rags
- Work Gloves, leather

## Spare Parts / Repair Items

- Tire repair kits, plugs
- Nuts & bolts assorted standard and

## Electronics Repair Kit

- Volt ohms meter (multimeter)
- Wire cutters Spare fuses of all sizes and types used in your vehicle
- Insulation tape
- Spare wire Spare switches
- Spare relay if you use relays
- Crip on ends (male and female, various gauges)
- Small pocket sized needle

**In our next Newsletter: Camping List for Extended Stay or Remote Excursions …**

# POWER VAULT

**Don't allow a dead battery to spoil your trip ever again!** With PowerVault you will not be stranded waiting for someone to help you. This powerful little tool fits in the glove compartment, and can be a life saver if your petrol or diesel motor vehicle, cell phone, camera and most laptops batteries die in the middle of nowhere.

This unit is capable of jump-starting vehicles equipped with 12-volt battery systems, several times on a single charge! It's a compact and convenient device to keep with you at all times. A flat battery will never leave you helpless next to the side of the road again.

It's also equipped with an amazing, multi-functional LED light. It can be used as a flashlight, strobe light and an SOS signal. The lighting function provides up to 120 hours on a full charge.








# VOëLS VAN DIE VRYSTAAT

**WITKEELSWAEL** **Hulle migreer uit Middel Afrika (DRK) om in somer hier te kom broei. Kom gewoonlik terug na ou nes. Onder dak of brug of enige ander struktuur. Kom RSA toe vanaf Augustus en trek weer middel Mei terug. Paartjie arriveer nie noodwendig saam nie mannetjie kan tot 3 weke voor wyfie kom maar sal nie aan nes begin repereer of bou nie, voordat sy ook hier is nie. Vang goggas in vlug waneer hulle laag oor grond of water vlieg. Bou nes uit modder en lê 2-5 eiers wat uitbroei binne 15-18 dae. Albei ouers broei en voer kleintjies.**


**Swaels & Oewerswael (Swallow & Martin) ) verskil van Windswael (Swift) o.a. deurdat hul 3 toontjies het en soos meeste voëls op 'n tak kan sit. Swifts het nie toontjies nie. Swaels is meestal helder (blou) kleur, Swifts het dowwer kleur.**






**Roberts V11 Multimedia – Birds of Southern Africa.**
**Fotos en inligting: Jo Sievers (076 356 7551 - josievers@yahoo.co.uk - avesbirdingtours.com) en Johan Smuts**

# VERJAARSDAGMAATJIE



*Baie geluk met jou verjaarsdag*
*Nelus (Mkhulu Mulungu)*
*Ons bid jou alle geluk en voorspoed toe.*











**WESTMINSTER KERK – OOS VRYSTAAT** **Die pragtige sandsteen kerkie (kan so 30 mense huisves) is op die N8 net anderkant Tweespruit langs die Westminister meule en spoorlyn tussen Bloemfontein en Maseru.**

**Die kerk is opgerig deur mnr. Allan Green, plaaslike winkelier te Westminster. Hy het dit gedoen ter nagedagtenis aan sy seun, Arthur, wat in die oorlog van 1939 – 1945 in opleiding oorlede is, en aan Cecil Adams van die plaas Hoepelrok, wat as vlieënier in die oorlog omgekom het. Dienste woord 1 keer in die maand , sondae in oggende, in die kerk gehou.**

**Naby die kerk is die bekende Westminster Estate met 'n merkwaardige geskiedenis. Tydens die Anglo-Boereoorlog het Hugh Richard Arthur Grosvenor, wat later die "Second Duke of Westminster" sou word, as aide-de-camp (adjudant) van Lord Alfred Milner diens gedoen. Na afloop van die oorlog het Grosvenor aan sy agent in SA opdrag gegee om 'n omvangryke stuk grond in die gebied aan te skaf, wat beteken het dat 'n aantal plase opgekoop sou moes word ten einde 'n 10000 hektaar landgoed daar te stel. Mnr. Mattheus Gerhardus le Roux, die destydse eienaar van een van die plase is 'n aanbod vir sy plaas gemaak. Le Roux wou nie verkoop nie en hy is toe gedreig met onteiening. Baie soos vandag se onteiening?**

**Uiteindelik het hulle tot 'n vergelyk gekom en is die grond verkoop teen £1:10 per morg. Le Roux het toe 'n groter plaas, Linana, in Excelsior aangeskaf. The Duke het hierdie plaas, wat as Westminster Estate bekend gestaan het, na afloop van die oorlog in tradisionele Engelse styl opgebou. Die imposante huis, bekend as "The Big House," perdestalle en 18 plaashuise is ontwerp deur Sir Herbert Baker, Britsgebore argitek. Baker het naam gemaak as argitek van uitstaande geboue, o.a. die Uniegeboue, die Anglikaanse kerk te Ladybrand en etlike Landboukolleges in die land se geboue.**

**Op elke eenheid van 400 morge grond was 'n plaashuis, 'n plaasskuur en 'n windpomp. Engelse gesinne is uitgenooi om hulle op die plase te vestig en teen 1903 was daar reeds 12 gesinne gevestig. Later is die plase aan die setlaars verkoop.**

**Verwysing: Faan en Elsa Kruger, Boetie le Roux en Rupert Fitzmaurice**

## SPLINTERNUUT



**Ons "models" het splinternuwe hemde. Baie dankie aan Ironman4x4, CTEK, Melvill & Moon, Mitas, Leatherman en Frontrunner vir julle bydrae om dit moontlik te maak. Dankie aan Embroidery Workshop met julle skitterende borduurwerk.**

**Tel: (051) 447 2583**
**E-mail: embroidery@live.co.za**
**of embroiderywshop@gmail.com**
**54 President Steyn Street, Westdene, Bloemfontein**

## FAMILIE TREKKERFEES

**Safari 4x4 het uitgestal by die Bloemfontein Trekkerfees. Weereens dankie aan Rudie Herbst en die Bloem Familie Trekkerfees 2019 vir die geleentheid om daar uit te stal. Sien julle volgende jaar weer!**




















## FOKUS OP ‘N NUWE PRODUK



Ons is bevoorreg om ‘n nuwe produkte tot ons reeks bekend te stel.

**Wat dink jy hiervan?**

sales@safari4x4.co.za








Rockford Fosgate

Safari 4x4 doen nou ook klankdeming op voertuie asook klanksisteme insluitende Rockford Fosgate Luidsprekers en Klankversterkers.  Kom sien ons gerus vir ‘n billike kwotasie.









**Kyk na Louis se Video by** https://www.facebook.com/www.safari4x4.co.za/videos/756114234816939/

# FOKUS OP 'N NUWE PRODUK

MOTO GIRL

**Designed by woman for woman.**



**Motogirl strives to have the most sophisticated and safest motorcycle apparel. Our Kevlar leggings are currently the safest motorcycle leggings on the market fitted with advanced features. Motogirl designs its own clothing, commissions specialist materials and are fabricated to our specifications. Motogirl is a brand synonymous with high quality.**

**Whole range now available: Stretch Jeans and Jeggings. The MotoGirl Ellie Kevlar skinny stretch Jeans are available in sizes UK4 / EU32 to UK28 / EU56**

**Features:**

- **300GSM Terry knited DuPont ™ KEVLAR® in all impact areas**
- **12oz stretched denim**
- **High waist with 3 buttons**
- **Thick belt loops**
- **Elastic stretch shirring knee for comfort**
- **Elastic stretch shirring back panel**
- **YKK® Zipper**




**And the best of all! Removable knee protectors.**
**Convert your motorcycle jeans in ordinary jeans in a jiffy!**










Sometimes I wonder what happened to the people who asked me for directions



When your car starts making weird noises so you turn up the music trying to ignore them





I told Otis to stay away from the 🐝 but he didn't listen, now he's out here looking like the Kardashians 👄 🤣 💀



# OOR-GRENS DOKUMENTE

# Angola Cross-Border Information

https://www.aa.co.za/angola-cross-border

**The information provided should be used as a guideline only**



| | |
|---|---|
| Dialing code | 00244 |
| Currency | New Kwanza (AOA) |

**Embassy Contact Details**

| | |
|---|---|
| Angola Embassy | +27 (012) 342-3671/ 3696 |
| Consulate | +27 (011) 622-6025 |
| Consulate near border post in Santa Clara | +244 65 22 1799 |

**Visas**

Visas are required by SA passport holders. For more information regarding food restrictions, passports/visa and pet travel enquiries, please contact the consulate/embassy – contact details above.

**Health Requirements**

| | |
|---|---|
| Compulsory Vaccinations | Yellow Fever |
| Recommended Vaccinations | Typhoid, Hepatitis A & B, Rabies, Tetanus, Polio |
| Precautions | Malaria risk |

**Documents Required**

- Valid passport of the driver
- Certified copy of vehicle registration papers in the name of the driver
- Letter of authority from the registered owner if the vehicle is not owned by the driver
- If vehicle is still being financed, carry a letter of authority from the bank (must include dates of travel) together with the vehicle license papers.
- Temporary Import Permit (TIP): R680, valid for one year
- Third Party Insurance: Compulsory; purchased at an insurance company, called Oshi Congo, close to the border post for R800
- ZA Sticker
- International Driving Permit: Recommended


MEDICROSS MEDICAL CENTRE
All the quality care you need.

By Medicross College Square in Bloemfontein is 'n **Travel Kliniek**

Adres: Nelson Mandelaanlaan 183, Brandwag
GPS: -29.1103374, 26.1994457 Tel: 051 406 0200/051 406 0250
health@medicross.co.za

# 4X4 TRAINING

**19 Oktober was weereens 'n baie suksesvolle 4x4 Opleiding. Dankie Connie de Buys, Jackie Smith, Tobie Kruger, Cassie Smith, Francois Laubscher, Mona Muller, Liesl van As, Hennie Butler, André Weppenaar, Luther en John-Luther Norval, Johann de Villiers, Brendan, Charl en Johan van Heerden, Nicky en Shimi Lombard, Piet en Zetta Jansen van Vuuren dat julle bygedra het tot die sukses van die dag.**















ABSA













**Kyk na nog 4x4 Opleiding fotos op Safari 4x4 se Facebook Blad**

https://www.facebook.com/www.safari4x4.co.za/

MASELSPOORT RESORT & CONFERENCE CENTRE

**Ons 4x4 Opleiding kan nie plaasvind sonder die heerlike etes en lekker koel lesinglokaal van Maselspoort nie. Dankie Elizabeth vir jou vriendelikheid (altyd) en al jou reëlings.**

**https://www.maselspoort.co.za/**

## Ons volgende 4x4 opleiding:





SAFARI 4X4
TEL : +27 (0) 51 430 3831 WWW.SAFARI4X4.CO.ZA

*Maximise your Confidence and Skills and Minimise your Risks*

# COMPETITION

You are not too late to take part in our Safari 4x4 A to Z Facebook Competition!
https://www.facebook.com/www.safari4x4.co.za/
Look for the "booby-advertisement" and comment with: Safari 4x4 Motorcycle and 4x4 Accessories 0514303831". You have to comment on all 6 "booby" ads to be eligible for the prize.




# GEESTELIKE PITKOS

## LERAARSKRYWE



Met al die geweld en onstellende gebeure rondom vreemdelinge, vroue, kinders , polisiebeamptes ens waarmee ons die afgelope paar weke oorweldig is, het die vraag nogal by my opgekom: hoe kan ons anderkant onsself kom? Dit lyk my ons as menslike spesie het redelik verval in 'n tipe selfaanbidding (verabsolutering) waar die middelpunt van ons bestaan begin en eindig by onsself. Die obsessie met die self vernietig die ander rondom my. Om anderkant myself te leef is juis om ruimte maak vir ander sodat hulle ook veilig en beskermd kan wees. Anderkant myself is ons vir mekaar verantwoordelik en is die tweede

gebod, jy moet jou naaste liefhê soos jouself, die enigste norm van lewe! Ek plaas graag (met verwysing na en erkenning aan die skrywer) die volgende stuk wat ons hiermee kan help;

Roedolf Botha op Ekerk skryf die volgende:
Ek onthou nog toe Rick Warren sy boek uitgegee het getiteld *The purpose Driven Life*. Die boek het beter verkoop as enige ander boek in die geskiedenis naas die Bybel. Meer as dertig miljoen kopieë het van die rakke af gevlieg teen 2007. Die boeke het negentig weke gepryk op die *New York Best Seller*-lys en is in vyf-en-tagtig tale vertaal. Voorwaar 'n prestasie!

Ek het ook die boek gelees en ek onthou nog die enkele sinnetjie in die boek wat die grootste impak op my gelaat het. Dit het 'n blywende merk gelos op my siening van myself en my verhouding met die Here. Hierdie sinnetjie was so basies en eenvoudig en tog bly dit my nou nog by. Trouens, vandag rig hierdie sinnetjie nog my lewe. Op die eerste bladsy van die inleiding van die boek het eenvoudig gestaan:

*This book is not about you.*

Hoe verfrissend! Hoe raar in ons tyd van selfies, selfliefde, selfbelangrikheid en self-obsessie! Hoe dapper in 'n tyd waar alle ander selfhelpboeke vir ons wil vertel hoe belangrik ons is en hoe ons elkeen moet sorg dat ons ons sin in die lewe kry! Hoe vars in 'n wêreld waar allerlei ghoeroes ons leer om in die oggende voor die spieël te staan en onsself op te blaas en op te pomp met frases soos *Jy is die middelpunt van jou dag*. Of uitlatings *soos Jy is amazing*! Of advertensietaal soos *You are worth it*!

In so 'n egoïstiese kultuur soos ons s'n het ons nodig om die nugter woorde van Johannes die Doper te hoor. In Markus 1:7 stel hy homself aan sy eie dissipels voor met die woorde:

*Ek is nie eers werd om te buk en Sy (Jesus se) skoene los te maak nie.*

Ter wille van ons eie gesondheid en heil het ons broodnodig om die woorde te hoor: This life is not about you! Ons is eenvoudig net nie so belangrik soos wat ons graag sou wou glo nie. Die teoloog, Max Lucado, stel dit so: In ons sonnestelsel kan ons onsself vergelyk met die maan. Die maan is nie eintlik mooi nie. Hy is vol kraters en gate en lyk maar valerig en lelik. Die maan tel nie eers as 'n plannet nie. Hy is maar 'n klein los bolletjie grond wat nie eers sy eie naam het nie. Hy staan bekend as die aarde se maan. Daar is baie ander mane. Hy is maar een van baie.

Tog kan ons ons soms verwonder aan die maan en vir lank staar daarna wanneer die son se lig op verskillende asemrowende maniere daarop val! Maar dis presies die punt: Die maan is niks sonder die son nie. Die maan kan geen lig van sy eie uitstraal nie. Hy hét geen lig in homself nie. Die maan is nie die middelpunt van die sonnestelsel nie. Die son is. Die maan se rol is nie om lig te verskaf nie maar om die son se lig te weerkaats! Die son is die lewensbron. Hy verskaf die lig, energie en krag. Die maan is die dankbare ontvanger en weerkaatser van die lig.

Ons is soos die maan. Ons rol is niks anders as om Jesus se lig en skoonheid te weerkaats nie. Uit onsself is ons niks, regtig *niks*! Tog staar ons soms in verwondering na mekaar omdat ons Jesus se skoonheid in mekaar waarneem. Die Bybel noem dit God se beeld. Enige en alle skoonheid het ons bekom deur God wat sy beeld in ons geplant het en deur Jesus wat ons elke dag nuut maak. Ons roeping is dus nie om ons eie lawaai te probeer maak, of ons eie lig te probeer skyn nie. Dis eerder om te besef wat ons plek in die kosmos is. Wanneer Jesus-volgelinge voor die spieël staan dan sê ons:

Ek is nie eers werd om te buk en sy skoene los te maak nie.

*This life is not about me.*

Nico Mostert

In God Jesus we trust